

NG Kerk in Oos-Kaapland

RINGSPROJEK-AANSOEKVORM

- Aansoeke om Ringsprojekte word, ter wille van billike evaluering, eenvormig op hierdie vorm ingedien.
- Die vorm help ringe, projekvoorstellers en projekteleiers al die ter sake inligting te verskaf.
- Die Ringsprojekplan is 'n dokument van voornemende optrede waarin aangedui word wat, hoe, wanneer, vir watter doel en met watter bronne, die projek van stapel gestuur word.
- Die **Handleiding vir Ringsprojekte** moet vooraf deurgelees word. Dit is op ons webblad beskikbaar by www.ngkok.co.za/ring/rp-handleiding.pdf
- Die projekaansoek moet behoorlik onderteken word. Faks of pos die getekende voorblad wanneer die projek per e-pos ingedien word.
- **SLUITINGSDATUM:** Jaarliks op 30 September.

1. PROJEKNOMMER (Slegs vir kantoorgebruik)

11.1

2. BESONDERHEDE van PROJEK

Naam van Ring: Sondagsrivier

Titel van Projek: Avontuurweek 2026

3. BESONDERHEDE van PROJEKLEIER

	Projekteleier
Naam:	Ane Nortje
Posadres:	Kempstraat 12, Heuwelkruin, Despatch, 6220
E-pos:	Anenortje98@gmail.com
Faks:	Geen
Tel. (k):	Geen
Tel (h):	Geen
Selfoon:	063 694 6005


--	--

Handtekening Projekvoorsteller

Datum

4. PROJEK GOEDGEKEUR DEUR DIE RING

Hiermee bevestig ondergetekende (naam) Jaco Barnard, in my hoedanigheid as voorsitter van die Ring van Sondagsrivier, dat hierdie projek op 21 Oktober 2025 deur die Ring / Ringskommissie goedgekeur is.

	21/10/2025
---	------------

Handtekening Voorsitter / Skriba

Datum

5. Beskryf die DOEL / BEDIENING van die projek volledig:

Tik binne die blokkie en wees volledig asb. Die blokkie sal outomaties "rek" om voldoende spasie te verskaf.

Dit is 'n week lange Christelike gebaseerde oggend vakansie program. Dit word aangebied vanaf 08h00 tot 13h30 vir kinders van die ouderdom vanaf 4 jaar tot en met Graad 7. Dit bestaan uit 5 "stasies" wat die kinders daaglik op 'n roteer basis besoek en elke dag het 'n ander Bybel verhaal wat by die oorhoofse tema inskakel. 'n Ligte ete word tydens die pouse voorsien. Alle "arts & crafts" neem die kinders huis toe, met die aanmoediging om vir ouers asook ander daarvan te gaan vertel. Die kleingroepleiers is Hoërskool leerders en die Versorgers asook enige ander personeel is volwassenes wat as vrywilligers vir die week kom help.

6. Beskryf die PERSONE, GEMEENTE, RING, TEIKENGROEP, INSTANSIE(S) wat by die projek sal baat en hoe dit hulle sal bevoordeel (indien nie reeds by pt 4 genoem nie)

Tik binne die blokkie en wees volledig asb. Die blokkie sal outomaties "rek" om voldoende spasie te verskaf.

Alle kinders van die ouderdom vanaf 4 jaar tot en met Graad 7, vanaf al die gemeentes van Despatch, nie net slegs Eendrag gemeente se kinders nie. **AL** die kinders van Despatch is welkom want dit is 'n gemeenskap-projek.

7. Beskryf die STAPPE / FASES van die projek en die tydsverloop van elk

Stappe / Fases	Tydsverloop
Fase 1: Direk na beëindiging van die Avontuurweek word verslag gelewer oor die betrokke jaar se projek, word aanbeveel dat projek die volgende jaar weer aangebied moet word en word daar alreeds 'n datum vasgestel vir die volgende jaar en Eendrag perseel word bespreek vir hierdie tydperk.	Tydens 'n vergadering direk na Avontuurweek met Sesona, Claudette en Elizmari
Fase 2: Doen aansoek by Ring vir fondse	September
Fase 3: Bestel program materiaal vir die jaar se projek	Januarie
Fase 4: As koördineerders begin ons alreeds kleingroep leiers en vrywilligers identifiseer en werf.	Maart – April
Fase 5: Promosie word begin vir die projek en inskrywings word aanvaar. Daar is 'n aanlyn inskrywingsvorm wat voltooi moet word.	April tot die week voor projek.
Fase 6: Beplanning, aankope, dekor en voorbereiding vir die Avontuurweek.	Vanaf middel van die maand voor die Avontuurweek begin tot en met die projek begin.

8. Beskryf die HULPBRONNE wat vir die projek benodig word

8.1 Projekspan

Name van Lede	Van waar (gemeente, ander)
Ané Nortjé (Koördineerder: Oorhoofs/ program voorbereidings en Finansies)	Eendrag gemeente
Mariana (Koördineerder: Kombuis personeel)	Eendrag gemeente
Sesona Bete (Koördineerder: Registrasies)	Port Elizabeth
Claudette van Taak (Koördineerder: Dekor)	Bothasrus gemeente
Elizmari Diedericks (Koördineerder: Speletjies)	Bothasrus gemeente
Klein groepleiers (Hoërskool Leerders)	Verskillende gemeentes

Versorgers	Verskillende gemeentes

8.2 Toerusting

Beskrywing van toerusting	Hoeveelheid
Pakket material	1
Dekor (sluit in drapering, verf, karton, gereedskap vir dekor)	Volgens tema
Administrasie (bulk SMS, brandstof, telefoon, naamkaartjies, enige drukwerk/fotostate, webwerfontwerper)	Soos benodig
Toerusting (hulpmiddels vir die 5 stasies, word eiendom van Eendrag na projek vir algemene gebruik deur gemeente)	Soos benodig

8.3 Ander

Tik binne die blokkie en wees volledig asb. Die blokkie sal outomaties "rek" om voldoende spasie te verskaf.

'n Afsluitings funksie (die Vrydag-aand na die Avontuurweek) word gehou om die leiers te bedank vir die tyd wat hulle van hul vakansie afgestaan het.

8.4 BEGROTING

8.4.1 INKOMSTE uit ander bronne

Beskik die Ring / Gemeente / Projek oor ANDER BRONNE VAN INKOMSTE (bv uit ringsfondse, bydraes van gemeentes, ens.)? Beskryf asb:

Bron	Bedrag
Gemeente bydrae (RING ?)	R 43 000-00
Inskrywingsgeld van kinders	R 34 000-00
Fondsinsamelings (verkopings, donasies, besighede)	R 20 000-00
Borgskappe	R 5 000-00
TOTAAL:	R 102 000-00

8.4.2 UITGAWES

Sit die uitgawes verbonde aan die projek uiteen:

Begrotingsitem	Bedrag
Reiskoste (vir aankope, vervoer ens.)	R 2 000-00
• Verblyfkoste	-
• Rekenaar uitgawes (webwerf en aanlyn inskrywingsvorm)	-
• Skryfbehoeftes (ook vir 5 Stasies, promosies ens.)	R 8 000-00

• Drukwerk	R 3 000-00
• Telefoon	-
• Posgeld	-
• Verversings vir pouse	R 42 000-00
• ANDER (spesifiseer asb.): “Stasies”: materiaal vir elke dag, benodighede vir kuns, toerusting ens.	R 31 000-00
Pakket materiaal (word bestel, sluit posgeld in)	R 5 000-00
Dekor (drapering, verf, karton, gereedskap ens.)	R 6 000-00
Leier afsluitingsfunksie	R 5 000-00
TOTAAL:	R 102 000-00

8.4.3 BEDRAG waarvoor aansoek gedoen word

Totale koste van die projek (pt 8.4.2 hierbo):	R102 000-00
MIN Bedrag beskikbaar uit ander bronne (8.4.1 hierbo):	R59 000-00
TOTALE BEDRAG waarvoor aansoek gedoen word:	R43 000-00

8.4.4 SKEDULE van uitbetalings:

Datum	Bedrag

9. ANDER SAKE wat oorweeg moet word:

Tik binne die blokkie en wees volledig asb. Die blokkie sal outomaties “rek” om voldoende spasie te verskaf.

Hierdie is NIE 'n projek net vir Eendrag gemeente se kinders nie. Dit is 'n Despatch gemeenskapsprojek en dit sal in 2026 die 11de jaar wees wat die projek aangebied word. Die Avontuurweek is so gewild dat mense direk na hierdie jaar se program en reeds vroeg in die volgende jaar navrae doen of daar 'n Avontuurweek gaan wees.

Die Avontuurweek het met 80 kinders begin en voor die Covid-pandemie het dit gegroei na ongeveer 200 kinders wat deel was van hierdie projek. Na die pandemie het ons van voor af begin. Hierdie jaar (2024) het ons net ongeveer 130 inskrywings gehad, maar ons vertrou dat dit weer sal groei tot 200 kinders. As gevolg van fondse en logistiek, kan ons net 200 kinders deel maak van die projek. Dit is ons droom, passie en as dit die Here se Wil is, om hierdie projek **as 'n vaste instelling te hou op Despatch vir die gemeenskap**. Die Here seën ons elke jaar deurdat baie min verkeerd loop gedurende Avontuurweek, ons goeie leiers en vrywilligers kry maar die **BELANGRIKSTE**: die Avontuurweek kinders wat deel is van die projek, dit verskriklik baie geniet en alreeds aan die end van die week wil weet wanneer is die volgende Avontuurweek. Daar is selfs nou al vir die afgelope paar jaar van die Graad 7 kinders wat aan die einde van die week vra om met die volgende

Avontuurweek, 'n kleingroep leier te wees, maar omdat ons slegs vanaf Graad 10 leiers aanvaar, word hulle as assistente by die volwasse stasieleiers ingedeel.

Die ouers se terugvoer is uiters positief en aanmoedigend. Ons het al selfs versoeke gekry of ons dit nie wil oorweeg vir 2 weke nie of dat ons dit met elke skoolvakansie moet doen!!!

En Avontuurweek het ook in die laaste paar jaar kinders sowel as leiers opgelewer wat hulle lewens en harte weer voluit aan God en om vir Hom te werk, gegee het. Daar is ook elke jaar al hoe meer kinders wat dit bywoon en vra gaan hulle weer meer van God en Sy liefde leer.

Alle eer aan die Here, deur Sy genade en seëninge is Avontuurweek suksesvol en baie in aanvraag.

Nota:

Hierdie vorm is ontwerp om **per rekenaar** ingevul te word. Vind dit by - www.ngkok.co.za/ring/rp-rekenaar.doc
Die vorm vir persone wat dit **per hand** wil voltooi is beskikbaar by - www.ngkok.co.za/ring/rp-hand.pdf